N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

R/22/01/2018

KALAHARI JAG 2019

GPS – MOLOPO KALAHARI LODGE **S26°56.00.3** **E20°39.49.9**

GPS – VISCHGAT LODGE **S27°07.31** **E021°15.02**

WWW link: https://www.ncfamouslodges.co.za/Vischgat.htm

Baie dankie vir die navraag, graag voorsien ons u van die inligting soos bespreek.

Vischgat Game Lodge is 'n 14000 hektaar wild en skaap plaas, geleë 50km vanaf Askham, 100km vanaf Van Zylsrus en ongeveer 65km vanaf Molopo Kalahari Lodge. Die wildkamp is ongeveer 5000 hektaar en natuurlik wildwerend omhein en heeltemal geskei vanaf die skaap kampe.

Die lodge is 7km in die duine vanaf die hoofgrondpad tussen Van Zylsrus en Askam en dit is ook die ingang van die plaas. Absolute privaatheid en rustigheid is onbeskryfbaar. (Sien GPS Koordinate bo)

Die lodge bestaan uit chalets wat badkamers met storte het en is ten volle toegerus met beddegoed, handdoeke, ketel, yskas, waaiers, tv's, ens. Die akkommodasie is 5 ster en word daagliks skoon gemaak.

Alle chalets en rondawel is nuut opgeknap. Daar is 2 kamers by die hoofgebou, elk met 2 ¾ beddens, 'n buite en binne volledige badkamer.

Die hele hoofgebou is oorgedoen met 'n binne braai vir koue weer.

Daar is nou 3 chalets, elk met 2 ¾ beddens, 'n rondawel met 6 ¾ beddens en 4 nuwe chalets elk met 'n koning grootte bed. Al die chalets het privaat badkamers. Die totale akkommodasie is vir 24 mense wat deel of 10 enkels.

Die hoofgebou bestaan uit 'n volledige kombuis, gasstoof, mikrogolf oond, vries- en yskaste. Daar is 'n kroeg, met n ysmasjien en die kroeg is ook toegerus met glase. Die hoofgebou word daagliks skoongemaak.

Voor die hoofgebou is 'n swembad en braai geriewe. Die uitsig en natuur om die lodge is asemrowend. Hout vir vleisbraai is te koop op die plaas @ R30.00 per sak. Ons koop self hout aan of U is welkom om U eie hout bring (Let wel: Geen hout word op plaas opgetel nie).

N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

Baie gewild, natuurlik is ons Kalahari skaap. Baie mense reël voor die tyd met ons, dan slag ons 'n lam, hang dit vir 5 dae in die koelkamer en as u aankom, braai u Kalahari skaap, dis mos die lewe. Die prys vir die skaap is beskikbaar op navraag. Dit word netjies in pakkies verpak en in die vrieskas gesit vir u gebruik of daar is braaipakke in vrieskas vir u gebruik, met selfgemaakte wors en Kalahari skaap tjops.

Die Lodge beskik oor twee jag voertuie, wat baie goed ingerig is.

1 Bakkie is 'n Toyota Dubbel Kajuit bakkie met 2 sitplekke agterop so kan 5 jagters vat. JAG IN STYLE … Koste R3600 per dag, Drywer en gids ingesluit of

Toyota enkel kajuit te huur R3000.00 per dag, drywer en gids in gesluit

As eie voertuig gebruik word vir jag moet dit tralies ophê vir u eie veiligheid. Ons voorsien dan net gidse en **nie drywers nie**. Die gids se kostes per dag beloop R1000.00 op u voertuig. Alleenlik 1 jag voertuig in die jagveld met Vischgat gids. (Geen Jagvoertuig sonder gids word toegelaat).

Let wel GEEN Jag word toegelaat op Sondae nie.

Die volgende wild is beskikbaar vir die 2019 jag seisoen. Let asb op, u moet u wild bespreek voor aankoms of bespreking, want net 'n sekere kwota word uitgeskiet elke jaar:

-	Gemsbok	R4'300.00	-	Swartwildebees (nie beskikbaar)	
-	Springbok	R1'600.00	-	Rooibok (nie beskikbaar)	
-	Rooihartbees	R4'000.00	-	Kameelperde (nie beskikbaar)	
-	Blouwildebees	R4'000.00			
-	Eland bulle	R13'000.00			
-	Eland koeie	R11'000.00			
-	Zebra Hings	R7'000.00			
-	Zebra Merrie	R10'000.00			
-	Blesbok	R3'000.00			
-	Volstruise	R2'000.00			

N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

Slag koste:

Springbok – kop af, pote af	@	R100.00 per bok
Springbok – afgeslag, uitmekaar gehaal	@	R150.00 per bok
Groot wild – kop af, pote af	@	R150.00 per bok
Groot wild – afgeslag, uitmekaar gehaal	@	R200.00 per bok

(Geen geld word aan die plaasmense uitbetaal nie, die kantoor berei 'n rekening voor en u betaal direk aan die kantoor). As u 'n fooi wil betaal aan werkers, is u welkom om so te doen.

Indien die gids 'n kwesbok uitwys, word die jag gestop en die kwesbok word eers gesoek, indien nie gekry moet die bok ten volle betaal word. (Dit gebeur selde, want die goue reël op Vischgat is bly slaaptyd, geen kwesbokke in veld). Die afsny tyd vir jag is 17h00 namiddag net voor skemer.

Vischgat Game Lodge is selfsorg, maar as u versoek dat ons die kos voorberei, doen ons dit met graagte. Die koste vir etes is R800.00 per persoon per dag en sluit 'n 'Brunch in die Veld' en 'n 3 gang aandete in. (Minimum van 6 persone)

Akkommodasie koste beloop R400.00 per persoon per nag. Skoolgaande kinders betaal 50%, nie skoolgaande kinders bly gratis (Akkommodasie pryse sluit in jagters/of nie jagters – een prys dws per persoon wat slaap)

Indien u sou belangstel om te kom jag, skakel my gerus sodat ons die finale reëlings kan tref. Dit sal vir ons 'n voorreg wees om u met die Kalahari gasvryheid te trakteer. En onthou, u vrou en kinders is baie welkom. Vischgat is vir die hele familie ingerig.

Bring gerus u kamera saam, daar is baie soorte voëls wat afgeneem kan word met asemrowende sonsondergang & opkoms. As u familie saam is kan perderitte gereël word met plaas bestuurder (net geleerde ruiters).

Sien roetekaart aangeheg.

Geen "quad bikes" of motorfietse word toegelaat nie. Jammer maar ons het te veel droë gras vir veldbrande.

Ons versoek u ook vriendelik dat geen troeteldiere op die Jagplaas toegelaat sal word nie.

Maak seker om van ons Tshahitsi Lodge op Upington, GPS koordinate – S28°26.24 E21°16.91, of Letsatsi Lodge op Vanrhynsdorp, GPS coordinate – S31°.60779 E18°.72779, gebruik te maak soos u, u roete beplan oppad na ons of terug huis toe!

N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

Maak seker u stop op Upington en besoek ons Red Ox restaurant vir 'n verfrissende middagete. Besoek dan ook gerus die Molopo Kalahari Lodge vir lekker etes in ons restaurant, veral ons wild menu, en baie gewilde kroeg.

Wild is maar beperk tot kwota wat uitgeskiet word, indien ek u nie kan akkommodeer nie, kan ek wild reël op ander naby geleë plase en u kan by een van die lodges oornag. Molopo Lodge beskik ook oor vriesgeriewe sou u besluit om op omliggende plase te jag – tariewe beskikbaar by Dirk/Susan op Molopo Lodge.

Besoek ons webblad by https://www.ncfamouslodges.co.za/Vischgat.htm

Ons e-pos adres is namrod13@lantic.net vir aandag Dirk of Susan vir meer besonderhede.

Let daarop dat 'n R10'000.00 deposito vooruit betaalbaar is om u jag bespreking te bevestig.

Kanselasies sal deur eienaar aleenlik oorweeg word op meriete en redes verskaf.

Plaaspersoneel sal aan u 'n verwyderings sertifikaat verskaf met u vertrek vir die verwydering die wild wat u geskiet het.

Sal u asseblief die aangehegde inligtingsblad voltooi en aan ons terug stuur via

Faks: 054 511 0009

of

Per E-Pos: namrod13@lantic.net

N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

JAG NAVRAE VORM 2019

Voorletters en van : _____

U kontak nommers : _____

Datum van jag : _____

Aantal persone : Volwasse _____ Kinders _____

Geslagte skaap in pakkies gemaak : _____

Jagbakkie huur : Huur _____ Hoeveel: 1 of 2

Gee ons 'n aanduiding van wat u graag wil skiet?

- Gemsbok _____
- Springbok _____ (slegs 4 per persoon)
- Rooihartbees _____
- Blouwildebees _____
- Eland bulle _____
- Eland koeie _____
- Zebra _____
- Volstruise _____

Enige ander aanvraag?

Spesifiseer

_____

_____

_____

_____

N.C. FAMOUS LODGES

www.ncfamouslodges.co.za

Vrywaring van plaas eienaar:

By ondertekening van hierdie skrywe vrywaar u die plaas eienaar onvoorwaardelik van enige ongelukke of enige aksies hoegenaamd wat mag plaasvind gedurende u verblyf by Vischgat Game Lodge.

Geteken te _____ op hierdie _____ van _____20___

Molopo Kalahari Lodge ★★★
KALAHARI
Tel: +27 (0)54 511 0008
Fax: +27 (0)54 511 0009
E-mail: namrod13@lantic.net
GPS - E20° 39.49.9 S26° 56.00.3

Vischgat Game Lodge ★★★★ Elandspoor Bush Camp ★★
KALAHARI
Tel: +27 (0)54 333 1126
Fax: +27 (54) 333 1127
E-mail: nclodge@webmail.co.za
Vischgat GPS - S27° 07.31 E021° 15.02
Elandspoor GPS - S27° 03.56 E021° 10.29

Tshahitsi Lodge ★★★★ Silver Spoon Morning Bistro
UPINGTON
Tel: +27 (0)54 333 1126
Fax: +27 (0)54 333 1127
After Hours: 079 583 5475
E-mail: nclodge@webmail.co.za
GPS - S28° 26.24 E21° 16.91

Letsatsi Lodge Vanrhynsdorp ★★★★ Red Ox ★★★★★ Letsatsi Function - Conference Venue
VANRHYNSDORP
Tel: +27 (0)27 219 2828
Cell: +27 (0)82 626 0023
E-mail: letsatsi@webmail.co.za
GPS - S31° 60.779 E18° 72.779

NO PASSION NO POINT